**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**NO. 735** **22 JUNIE 2016**

# DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

**Registrasie No: 1998/009584/30**

**VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD P1 SEKSIE 5, DEUR DIE DORP VAN MOOKGOPHONG, AS DEEL VAN NASIONALE PAD N1 SEKSIE 25X – WATERBERG DISTRIK, IN DIE LIMPOPO PROVINSIE.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Die gedeelte van Roete R101, ook bekend as Provinsiale Pad P1 Seksie 5, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf punte L70 en R97 op vel 4 van Plan No. P614/07, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing No. 1118 van 2007, van waar dit in 'n algemene noordoostelike rigting strek langs die straat bekend as Thabo Mbekistraat, tydens datum van verklaring, tot by punte L71 en R98 op vel 5 van Plan No. P614/07, soos verklaar deur Goewermentskennisgewing No. 1118 van 2007, in die dorp Mookgophong, as 'n Nasionale Pad.

In die dorp Mookgophong sluit hierdie verklaring in die padbaan, geplavleide en gruis skouers, skuins of parallelle geplavleide parkeerplekke, stormwater afvoerpype, stormwaterpype wat deel van die padbaan vorm en stormwaterkanale wat direk langs die straat loop, maar uitsluitende stormwater kanale wat nie direk langs die straat loop nie, gruis parkeerplekke, sypaadjies en enige ander dienste langs die genoemde roete.

**(Nasionale Pad N1 Seksie 25X: Mookgophong)**

**MINISTER VAN VERVOER**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**